

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die **Kerkblad** Oktober 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

## **Dordt 400: Skrif, belydenis en kerkorde**

### **Is die kerkvader Augustinus nog vir ons belangrik vandag?**

“Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.”  
- 1 Petrus 2:9

[www.gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)

Webwerf: <http://www.gksa.org.za/>

Redaksie, Bemaking en Administrasie  
Posbus 20008, Noordbrug 2522  
Tel. (018) 297-3986/7/8/9  
Faks: (018) 293-1042  
E-pos: [kerkblad@gksa.co.za](mailto:kerkblad@gksa.co.za)  
(artikels, briewe ens.)  
[tydskrifte@gksa.co.za](mailto:tydskrifte@gksa.co.za)  
(Intekening, rekeningnavrae)  
[bestellings@gksa.co.za](mailto:bestellings@gksa.co.za)  
(boekbestellings ens.)

Redaksie  
Prof. CFC Coetzee (redakteur)  
• 082 337 7951  
• [Callie.Coetzee@nwu.ac.za](mailto:Callie.Coetzee@nwu.ac.za)  
Mev. J Fourie (kopieredakteur)  
• Tel. 018 297 3986  
• [kerkblad@gksa.co.za](mailto:kerkblad@gksa.co.za)  
Ds. C Aucamp  
Prof. SP van der Walt  
Prof. J Smit  
Mev. V de Kock  
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging  
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies  
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr.  
Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.  
E-pos: [wymiedup@gksa.co.za](mailto:wymiedup@gksa.co.za)

Intekengeld  
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm elders in die uitgawe

Intekengeld word jaarliks aangepas.  
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.  
Maak tjeks uit aan:  
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers  
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers  
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.



JAARGANG 120, NO. 3328 -  
Oktober 2018

## INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR  
Inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika

4 UIT DIE WOORD  
KERK = koninklike priesterdom

6 REDAKSIONEEL  
Prys uitgeloof vir prediking

8 BRANDPUNT  
Eiendoms(voor)reg

### FOKUS

10 Die Dordtse Leerreëls (6)

12 Is die kerkvader Augustinus nog vir ons belangrik vandag? (1)

14 Dordt 400 – Skrif, belydenis en kerkorde

17 Is die kerkvader Augustinus nog vir ons belangrik vandag? (2)

### ANDER

20 Woorde in die Bybel – Vader

24 Emeritusgedenklesing en erkenningsfunksie

25 'n Nuwe boek deur prof. Amie van Wyk

### IN DANKBARE HERINNERING ...

22 Dr. Jac en Ina Howell

26 Lief en Leed

28 Kerklike administrasie

30 Kleinadvertensies



# Prys uitgeloof vir prediking

Op Dinsdag 3 September het ek 'n e-pos ontvang van die Coram Deo NG-gemeente. In die e-pos word 'n prys bekendgestel wat tweejaarliks toegeken gaan word vir die beste “impak-preek”. Die prys sal bestaan uit 'n kontantbedrag van R30 000 en 'n trofee. In die eerste rondte sal NG-predikante van jonger as 40 jaar in aanmerking kan kom vir die prys.

## “Impak-prediking”

Die kerkraad verduidelik ook redelik breedvoerig wat onder “impak-prediking” verstaan moet word. Dit is prediking waarin “die Bybelteks helder oopgebreek

word” (die enigste maal wat daar op 'n manier na Skrifuitleg verwys word).

Verder gaan dit oor die effektiwiteit of impak waarmee die preekinhoud oorgedra word. Dit is interaktiewe prediking wat *“die hoorders se aandag vasvang en gevange hou ... hulle op verskillende aspekte van hulle menswees in die stof betrek ... hulle hart/gees/siel/geloof op 'n gevoelsvlak aanraak”*.

## Prosedure en kriteria vir beoordeling

Die kerkraad stel dit eksplisiet dat die vertrekpunt vir die beoordeling van impak-prediking die hoorder is.



Daarom sal die preke wat ingeskryf word vir die prys deur “gewone” lidmate (wat toegewyde gelowiges is) beoordeel word *“deur hulle indrukke/aanvoeling/ gevoel van die impak van ’n preek te bewoord en te meet op grond van bepaalde indrukke, byvoorbeeld die entoesiasme/energie van die prediker, die persoonlike egtheid waarmee die boodskap oorgedra word, die egtheid/relevansie vir hulle eie leefwêreld, die mate waarin hulle as hoorders ingetrek is, ensovoorts”*.

### **Kritiese vrae**

Die instelling van hierdie prys vir prediking en al die inligting wat hierbo genoem is, het tog by my ’n aantal kritiese vrae laat opkom. Samevattend is die uiteindelijke vraag of so iets prinsipiële en Skriftuurlik geregverdig kan word.

### **Wat is prediking?**

Ons sou prediking kon definieer as amptelike, gesagvolle Woordverkondiging. Romeine 10:15 stel dit baie duidelik: *“... hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?”* In Skrifgetroue prediking deur ’n geroepe en bevestigde bedienaar van die Woord is God Self aan die Woord. Die prediker behoort vir die gemeente te kan sê: *“So sê die Here.”*

Prediking oor enige teks moet uiteindelik saamtrek in die verkondiging van Christus. Die hele Skrif trek saam in sy kruis en opstanding.

Verder is een van die belangrikste kriteria waaraan Skrifgetroue prediking gemeet word, die suiwer leer. Paulus skryf aan Timoteus (2 Tim. 4:2-4): *“Verkondig die woord, hou tydig en ontydig aan, weerlê, bestraf, bemoedig in alle geduld en deur onderrig. Want daar kom ’n tyd wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle ore gestreel wil word deur wat hulle hoor, sal hulle vir hulleself leermeesters na eie begeerte uitsoek. Hulle sal hulle doof hou vir die waarheid en hulle tot versinsels wend.”*

Uiteindelik gaan prediking en gebed (deur die prediker en vir die prediker) onlosmaaklik saam.

### **Die Heilige Gees en die prediking**

Die suiwer Skrifgetroue prediking is die middel waardeur die Heilige Gees onweerstaanbaar werk. So bely ons in die Heidelbergse Kategismus (v/a 65) in antwoord op die vraag: *“Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so ’n geloof dan vandaan?”* *“Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie ...”*

In hierdie verband is Paulus se woorde aan die Korintiërs (1 Kor. 2:1-5) van die grootste belang: *“Wat my betref, broers, toe ek na julle gekom het, het ek nie gekom om met verhewe woorde of wysheid God se geheimenis aan julle te verkondig nie. Ek het besluit om by julle niks anders te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde. Daarby het ek in swakheid na julle toe gekom, vol vrees en bewing. My lering en my verkondiging het nie berus op oorredende woorde van wysheid nie, maar op bewyse van die Gees en van krag, sodat julle geloof nie op die wysheid van mense berus nie, maar op die krag van God.”*

Sou Paulus gekwalifiseer het vir ’n prys vir die beste preek? Nog belangriker: Hoe kan die werk van die Heilige Gees deur die prediking ten diepste gemeet word?

### **Ten slotte**

Natuurlik moet ’n dominee die grootste erns maak met sy preke, sowel wat die voorbereiding as die voordrag daarvan betref. Prediking is die heel belangrikste aspek van die bediening. ’n Dominee moet so “goed” as moontlik preek. Maar dit is nie deel van sy werk om in kompetisie met ander dominees ’n prys te probeer wen nie.

Uiteindelik sal God, wat die prediker roep en stuur, ook finaal oordeel. Ook hier moet ons luister na wat Hy deur Paulus sê (1 Kor. 3:6-8): *“Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar God het laat groei. Daarom is nóg hy wat plant, nóg hy wat natgooi iets, maar slegs God wat laat groei. Dit is een wat plant en dit is een wat natgooi, en elkeen sal sy loon volgens sy eie arbeid ontvang.”* <sup>oFCC</sup>



# Eiendoms(voor)reg

Eiendomsreg staan in die branding. Die neem van mense se eiendom sonder vergoeding is in die brandpunt, in die media, in die monde van regeringsleiers, en in die hof. Dit vra die vraag of iemand geregtig is om eiendom te besit en daaroor te besluit.

In vele vertoë word die regering gewaarsku teen die ontneming van burgers van Suid-Afrika se vryheid deur die onteining van wat hulle besit. Daar word daarop gewys dat die verkryging en beheer oor jou eie eiendom 'n kernaspek van die Suid-Afrikaanse grondwet is. Ook word die neem van eiendom sonder vergoeding diefstal genoem. Steel is steel – of iets deur 'n persoon gevat word, of deur 'n instelling soos die staat.

In die agtste gebod, *Jy mag nie steel nie*, beskerm God 'n basiese aspek van menswees, naamlik besit. Eienaarskap is só belangrik dat dit deel uitmaak van God se Tien Gebooie wat Hy self aan Moses deurgegee het.



## Die eintlike Eenaar

Om Eienaarskap te verstaan, moet ons by God as die eintlike Eenaar begin. Wanneer Genesis 1:1 stel dat God die hemel en die aarde uit niks geskep het, verstaan ons dat dit inhou dat Hy alles wat geskep is, besit, en bely ons saam met die digter van Psalm 24:1: *Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en dié wat daarin woon.*

Alles wat ons op aarde besit, het ons van God ontvang (1 Kor. 4:7). Waaroor ons dus beskik en as ons eiendom beskou, kan nooit absoluut gesien word nie. Ons is rentmeesters en God kan van ons rekenskap vra oor ons bestuur en besluite oor ons eiendom.

As Eenaar vertrou God verskillende talente aan sy diensknegte toe (Matt. 25:14-15), maar kan Hy aan die anderkant aan werkers wat nie ewe lank gewerk het nie, dieselfde ewige beloning gee (Matt. 20:1-16).

Hy maak mense aangewese op mekaar en vereis dat rykes onder andere ryk moet wees in goeie werke, vrygewig en mededeelsaam (1 Tim. 6:17-19).

### Die wettige eienaar

Die agtste gebod wys dat dit reg is vir mense om eiendom te hê. Die reg op eiendom word ook in die Heidelbergse Kategismus\* as vanselfsprekend aanvaar.

Die gebod erken nie net die reg nie, maar beskerm dit ook. Daar is dinge wat nie aan my nie, maar aan andere behoort. Ek mag dit nie sommer vat nie, al is ek wie. "Might is right" is nie 'n beginsel waarop 'n behoorlike etiese sisteem gebou kan word nie. Daarom dat Nabot met reg kon weier om sy wingerd aan koning Agab as die maghebber van sy tyd oor te gee (1 Kon. 21).

God het aan die mens opdrag gegee om oor die aarde te heers, dit te bewerk en te bewaar, verantwoordelikheid vir die aarde te neem, dit in besit te neem (Ps. 8:4-10). Die mens is dus ook beeld van God daarin dat hy oor die eiendom beskik wat aan sy sorg toevertrou is (Gen. 1:26-28).

Dit is ondenkbaar om in die volle sin as mens te lewe sonder iets wat joune is – aan jou behoort. Dit is dan ook interessant hoe vroeg kinders al 'n idee van "myne" het.

Daar moet onthou word dat menswees ook saamwees beteken. Jy bestaan saam met andere, en moet daarom ook met andere deel. Behoeftigheid moet bestry word deur onderlinge hulpbetoon, omgee en mededeelsaamheid van dit wat in jou sorg is (Heb. 13:16; 1 Pet. 4:10).

### Eiendom

Eiendom is 'n gawe van God wat reg gebruik moet word. Dit is duidelik uit die Woord dat werkers en werkgewers nie mekaar te na mag kom nie, eiendom vernietig of die ander te kort doen nie (Jer. 22:13). In besigheid mag nie van kliënte buitensporige pryse gevra word nie, want so word gepoog om op 'n onregmatige manier beheer te kry oor die eiendom van 'n ander (Eseg. 18:8-17; 22:12-13; Amos 8:5; Hosea 12:8).

Teenoor diefstal staan harde werk en die uitdeel van dit wat jy het aan dié wat in nood is – Efesiërs 4:28: *As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.*

Soos diefstal, wys die Bybel luiheid vir werk skerp af (Spr. 24:30-34). God werk, en het ons na sy beeld gemaak om op aarde ook te kan werk met verantwoordelikheid teenoor Hom van wie alle goeie gawes kom. Dit is 'n kwade dag as grond wat goed bewerk en versorg word en aan vele mense kos en geleenthede gee, oorgedra word sonder regmatige vergoeding aan persone wat boonop lui en gierig is en die grond en grondstowwe misbruik.

God vereis van ons om vir mekaar te sorg, juis ook vir dié wat in 'n krisis is – weduwees, weeskinders, armes (1 Tim. 6:17-19; Heb. 13:16; 1 Pet. 4:10). In plaas van vat of steel, behoort die owerheid eerder elke landsburger aan te moedig om reg met sy eiendom te werk, daarmee en daaruit te lewe, sy roeping uit te voer, getroue rentmeester te wees en te sorg dat die land kan vooruitgaan en geleenthede bied.

So sal ons God kan verheerlik – deur hoe ons sy skepping bestuur. <sup>DK</sup>

*\*God verbied nie alleen die "diefstal (1 Kor. 6:10) en roof (1 Kor. 5:10; Jes. 33:1) wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onself toe te eien (Luk. 3:14; 1 Tess. 4:6), met geweld of skyn van reg ... (Spr. 11:1; 16:11; Eseg. 45:9-10; Deut. 25:13) ... ook alle gierigheid (1 Kor. 6:10), alle misbruik en verkwisting van sy gawes" (Spr. 23:20-21; 21:20). Ek moet die belange van my naaste waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat die mense my moet behandel (Matt. 7:12). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (Ef. 4:28).*





Dr. Victor d'Assonville, Gerard Meijer, Erik van Alten

# Dordt 400 – Skrif, belydenis en kerkorde

Op Dinsdagmiddag 13 November 1618 het die “Internasionale” Sinode van Dordrecht in Nederland begin. Ongeveer ses maande later, op Maandagoggend 6 Mei 1619, het die Sinode tot ’n einde gekom. ’n Week later, op 13 Mei 1619, is daar voortgegaan met ’n “Nasionale” Sinode wat tot Woensdag 29 Mei vergader het. Vandag ken ons die twee vergaderings tesame as die Sinode van Dordrecht 1618/19, ’n bakermat-gebeure in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke.


Tydens die jaarlikse Reformasie Konferensie wat in Suid-Afrika gehou word, is aandag gegee aan drie groot sake wat by daardie Sinode(s) gedien het. Dit raak die besluite insake die Skrif, die belydenis en die kerkorde.

In hierdie artikel vind u kort uittreksels uit voordragte wat gedurende Augustus by die konferensies in Vryburg, Pretoria en Kaapstad gelewer is en deur ongeveer 500 mense bygewoon is. Die plan is om die volledige voordragte, saam met heelwat

ander kosbare materiaal, later vanjaar in ’n bundel deur die Deputate Gereformeerde Publikasies uit te gee.

## Die Skrif, in eie taal

Vroeg tydens die Sinode, al in die eerste week, is begin om die beginsels vir ’n getroue Bybelvertaling vas te stel. Alhoewel daar reeds verskillende Nederlandse Bybelvertalings in omloop was, was nie een egter getrou genoeg aan die grondtekste nie. Daar is toe besluit op die volgende beginsels vir ’n nuwe Bybelvertaling. Dit moet:



- uit die oorspronklike tale vertaal word, met inagneming van bestaande kennis, vertalings, uitleg;
- omvattend wees, sonder te groot veranderings aan bekende formuleringe, met die waarheid onverminderd in die segswyse van die doeltaal;
- getrou wees aan die oorspronklike tekste en sorgvuldig, ook wat uitdrukkings betref. Oorspronklike uitdrukkings wat te moeilik is vir direkte oorname, moet steeds letterlik in die kantaantekeninge opgeneem word.
- Waar die betekenis van ’n teks ’n byvoeging noodsaak, moet dié so kort as moontlik wees, tussen hakies en met ’n ander lettertipe om dit duidelik van die oorspronklike te onderskei.
- Ofskoon vir die vertaling van moeilike gedeeltes kort verduidelikings in die kantlyn (kanttekeninge) bygevoeg moet word, is opmerkings met betrekking tot die leer nie nodig en ook nie raadsaam nie.
- Verwysings na ander Skriftekste met soortgelyke uitsprake moet aan die kant ingevoeg word.
- Apokriewe boeke (slegs die Ou-Testamentiese, die ander is in elk geval nie aanvaar nie) moet – in teenstelling met die algemene



gebruik destyds – uitdruklik van die kanonieke boeke geskei word: aan die einde van die Bybel, ander letters en bladsynommers, omdat dit nie God se Woord is nie.

### Statevertaling

In 1637, 16 jaar ná die Sinode, is die Statevertaling voltooi; 15 jaar later, in 1652, is dit die Bybel wat na die Kaap gekom het. Hierdie vertaling was die amptelike vertaling in Afrikaanse kerke tot 1933.

### Afrikaanse Bybelvertaling

In die 1870's het Arnoldus Pannevis en SJ du Toit hulle vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling beywer. SJ du Toit maak reeds in die 19de eeu 'n begin daarmee en werk hard daaraan. Sy seun Totius (JD du Toit) sou saam met BB Keet vanaf die 1920's die hoofvertalers van die Bybel in Afrikaans word. Dié verskyn in 1933, die hersiening daarvan in 1953 – uitdruklik getrou aan die begin volgens Dordrecht ... en tot vandag in gebruik.



### Belydenis – TULIP?

Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat ons die Sinode verskraal tot slegs die Dordtse Leerreëls. Die Sinode het immers, buiten die skat van die Leerreëls, baie ander mooi uitkomstegedade.

Vervolgens dreig die gevaar dat ons die Dordtse Leerreëls self ook verskraal, naamlik tot 'n enkele blommetjie, die tulp (Engelse akroniem TULIP). In die beweging van die Nuwe Calvinisme het die TULIP (T = Total Depravity / totale verdorwenheid; U = Unconditional Election / onvoorwaardelike uitverkiesing; L = Limited Atonement / beperkte versoening; I = Irresistible Grace / onweerstaanbare genade; P = Perseverance of the Saints / volharding van die heiliges) 'n soort sjibbolet vir gereformeerdeheid geword, sonder dat voorstanders van hierdie akroniem beseft dat dit van redelik onlangse oorsprong is (vroeg 20ste eeu), en dikwels sonder om aan te toon dat TULIP 'n getroue weergawe van die Dordtse Leerreëls gee.

Uiteraard bied TULIP 'n maklike handvat om die hoofpunte van die gereformeerde verlossingsleer mee op te som, maar die gevaar van verskraling is baie werklik.

### 'n Enkele voorbeeld

Die L van TULIP dui op beperkte versoening. So maklik kan hierdie enkele letter egter daartoe lei dat mense dit sien as 'n weerspieëling van Christus se werk. Asof die waarde van Christus se verlossingswerk beperk is. Daarteenoor wys die Dordtse Leerreëls baie duidelik: “Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen” (DL 2:3).


Inderdaad, die effek van Christus se werk is beperk tot die uitverkorenes, maar in sy waarde is dit onbeperk. Daarom is dit beter om te praat van “spesifieke versoening” – Christus se dood is van oneindige krag en waarde, maar Hy het vir spesifieke mense gesterf (Joh. 10:15, 27).

'n Soortgelyke verskraling kan ook by die ander letters van TULIP opgemerk word. Dit is daarom meer vrugbaar om terug te gaan na die Dordtse Leerreëls self, en daaragter die Skrif, eerder as om by 'n enkele blommetjie vas te steek.

### Ordelik en welvoeglik

Nadat die buitelandse afgevaardigdes gedurende die week van 6 Mei 1619 vertrek het, het die Nederlandse afgevaardigdes agtergebly om 'n “Nasionale Sinode” te hou. Tydens dié Sinode is 'n kerkorde vasgestel wat





vandag nog die basis vorm vir die kerkorde van die GKSA wat agterin die Psalmboek gedruk is.

*Christus regeer*

Die Dordtse Sinode het met die opstel van die kerkorde van die vertrekpunt uitgegaan dat Christus sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Geen persoon of

vergadering of kerklike struktuur of burgerlike owerheid mag die regering van Christus verdring nie.

Op die basis van die belydenis, met name Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, fokus die Dordtse kerkorde op die suiwer bediening van die Woord (KO Art. 2-52), die sakramente (KO Art. 53-70) en die kerklike tug (KO Art. 71-86). In hulle vashou aan die suiwer beginsel dat Christus alleen regeer deur die diens van wettig-geroepe ampsdraers, verset die vaders van Dordt hulle teen lewensgevaarlike uitwasse in die kerklike lewe: inmenging van die burgerlike owerheid in die kerklike lewe, hiërargie (oorheersing van een oor 'n ander), independentisme (elkeen doen wat hy wil, wat tot skeurmakery lei), oorregulering van die kerklike lewe (dik wetboeke wat die lewe in die kerke morsdood druk).

*Versigtig*

Die Dordtse kerkorde, en ook die Kerkorde wat ons vandag in die GKSA het, is nie perfek nie. Omdat dit mensewerk is en omdat tye en omstandighede verander, is die kerkorde, soos die belydenis, vir verandering volgens die Skrif vatbaar. Ons erken dit in die laaste artikel van die Kerkorde.

Die feit dat die Kerkorde veranderbaar is, mag egter nie maak dat ons in willekeur daarmee handel nie. Die les van die Dordtse Sinode is 'n duur les. As jy op watter manier ook al aan die Kerkorde karring of dit blatant ignoreer of dit in onkunde links laat lê, karring jy aan die belydenis van die kerk. En as jy aan die belydenis karring, karring jy aan die Skrif. Wie dit doen, is op dun ys. Die God van die Woord laat nie met Hom karring nie. <sup>DK</sup>



JAN HARM STEENKAMP  
B.Pharm. PSGT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

***Ons ondersteun graag Die Kerkblad***